

Loeriesfontein terugvoer

Elna Brand skryf uit die Boesmanland:

Met die terugkyk na 2021 voel die meeste mense seker dankbaar dat die uitdagende jaar nou verby is. Vir ons (my gesin en die Loeriesfontein gemeenskap) was dit 'n besonder geseënde jaar.

Ons het altyd geglo die droogte in die Boesmanland sal een of ander tyd breek, maar ons was keer op keer verstom oor die wyse waarop die Vader in ons behoeftes voorsien het. ELKE KEER as ons benoud begin wonder hoe nou verder daag presies die regte skenking op. Alles, van 'n buis tandepasta tot 'n broodnodige dieselgeldjie om 'n geliefde dokter toe te vervoer het met gewillige hande en voete van iewers af gekom. Ja en nog baie berderfies ook! Saam met die vragmotor met voer kom die boks vrugtekoek, wat links voor saamry! En met die volgende vrag die poeding vir Kersfees. Ten spyte van inperkings was ons saam aan die feestafel vir Kersfees.

Die kosbaarste is sekerlik die vriende wat ons gedurende die droogte leer ken het. Die meelewing van medegelowiges en die baie gebede wat vir ons opgegaan het.

Op persoonlike vlak wil ek en Joretha ons dank uitspreek vir die wyse waarop julle ons by julle Kersmark ontvang het. Dit was vir ons 'n verrykende ervaring. Spesiale dank aan die Kerkraad wat ons besprekingsfooï terugbetaal het.

Ons wens vir 2022 is dat julle elke dag in verwondering sal wees oor die groot dinge wat die Vader vir sy kinders doen.

Groete uit die Boesmanland.

Arbeidsbediening

Vrugte/Groente MARKDAG 21 Jan 2022

Die helpers en bestuur van Arbeidsbediening nooi elke medebroer/suster, kinders, oupas en oumas na ons beoogde JAARLIKSE vars vrugte- en groentemark.

PLEK: NGK Moedergemeente, Die STRAND, Kerksaal

ADRES: h/v Fagan- & Brikenheadstrate, STRAND.

DATUM: Vrydag 21 Januarie 2022

TYD: vanaf 08:30 tot 11:00

Die gewone basaargunsteling word te koop aangebied: Tuisgebak, Tee/Koffie, Pannekoek, Poeding, Plante, Wit Olifanttafel ens.

Koördineerder: At Kampman 083 776 5908

BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

20 & 27 Januarie 2022 om 10:00

Koördineerder: Coenie Basson – 082 552 1850

Mag 2022 vir jou seëninge
in oorvloed bring van
liefde, vreugde, gesondheid,
vrede en voorspoed.
Mag Jesus jou Leidsman
wees en voorsien in elke
behoefte na die rykdom van
sy genade vir vandag,
môre en elke dag.



